10: 'n Nuwe reis: van versoening

10.1 Wanneer het die Ned Geref Kerk hom daartoe verbind om versoening in Suid-Afrika daadwerklik na te strewe?

10.1.1 Met die apartheidsera iets van die verlede, is die Ned Geref Kerk besig met 'n nuwe reis: 'n reis van versoening. Die Ned Geref Kerk het in hierdie verband 'n besondere verantwoordelikheid en 'n groot geleentheid.

10.1.2 In 1990, in die jaar toe die Ned Geref Kerk sy rug finaal in die openbaar op apartheid gedraai het, het die Algemene Sinode lidmate opgeroep om in 'n situasie van konflik (en daar was toe groot konflik en spanning in die land) erns te maak met die evangelie van versoening. Dit moes die lidmate onder andere doen deur sensitief te wees vir die belange en standpunte van ander, het die Sinode gesê, "deur bereid te wees om eie swakhede, kortsigtighede en aandadigheid aan die ontstaan van die huidige onvrede te erken; en deur mekaar en andere van harte en onvoorwaardelik te vergewe vir hulle aandeel daaraan" *(Handelinge, Algemene Sinode, 1990*, bl 710).

10.1.3 Die Algemene Sinode het in daardie jaar 'n beroep op al die predikante van die Ned Geref Kerk gedoen om lidmate deur die prediking aan te spoor om die liefdesgebod, met al die praktiese konsekwensies daaraan verbonde, uit te leef. Daar is aan die hand gedoen dat gemeentes deur Bybelstudie en gespreksgroepe erns moet maak met versoening in die plaaslike gemeenskap. Die Algemene Sinode het verklaar dat dit tyd geword het om deur gebedsaksies vrede van God vir die land af te smeek, en sy voorneme uitgespreek om deur kommunikasie met ander kerke ook versoening in kerklike geledere na te strewe.

10.2 Wat het die Ned Geref Kerk sedert 1990 gedoen om versoening in die land te bevorder?

10.2.1 Die omvangryke Rustenburgse Kerkeberaad van 1990 wat op inisiatief van die destydse staatspresident, mnr FW de Klerk, gehou is, was die opvolging van 'n gedagte wat die moderator van die Algemene Sinode van 1986, prof JA Heyns, tydens samesprekings tussen 'n Ned Geref Kerk-afvaardiging en die president geopper het. Die gebeure by daardie beraad het bygedra tot die versoening van kerke wat jare lank van mekaar verwyderd was.

10.2.2 Die betrokkenheid van NG kerklui en lidmate, by name wyle prof Heyns, dr Louw Alberts en dr Antonie Gildenhuys, by vredespogings in die vroeë jare negentig, is welbekend.

10.2.3 Die Ned Geref Kerk het in die afgelope paar jaar etlike biddae vir vrede en versoening in die land uitgeroep – soms op sy eie, meermale in samewerking met ander kerke.

10.2.4 Pres Nelson Mandela het by geleentheid van sy optrede voor die Algemene Sinode van 1994 melding gemaak van "die konstrukiewe rol wat die leierskap van die Ned Geref Kerk gespeel het tydens die onstuimige tye met die aanloop tot die verkiesing van 27 April 1994." "U bereidwilligheid om ook sommige van u eie kerklidmate te maan teen rassisme en onverskillige geweldspraatjies het 'n belangrike bydrae gelewer om die wonderwerk van Suid-Afrika se vreedsame oorgang tot demokrasie moontlik te maak. U is 'n integrale deel van die besondere getuienis wat Suid-Afrika vandag lewer in 'n wêreld waar daar nog soveel geweld en onverdraagsaamheid heers," het hy gesê.

10.2.5 Die Ned Geref Kerk het in 1993 'n vredeskongres in Pretoria gehou waaraan prominente politieke en kerkleiers deelgeneem het.

10.2.6 Die Ned Geref Kerk is ná bykans vyftig jaar weer as waarnemer betrokke by die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en speel daar saam met ander kerke 'n rol in die bou van brûe en versoeningspogings.

10.2.7 Die Ned Geref Kerk voer deur sy kommissie wat die opdrag daartoe het, gereelde samesprekings met politieke leiers oor die hele spektrum en wil ook daardeur 'n gesindheid van versoening help bevorder.

10.3 Wat beoog die Ned Geref Kerk vir die toekoms in verband met versoening?

10.3.1 Die huidige houding van die Ned Geref Kerk in verband met versoening, word uitgedruk in 'n besluit van die Uitgebreide Moderamen van Noord-Transvaal wat onder meer soos volg lui: "Die Moderamen is van oordeel dat die kerk hom aktief moet beywer om die blywende versoeningsboodskap deur sy strukture uit te dra . . . Die kerk moet primêr gebruik maak van sy eie strukture, veral die gemeentes, waardeur hy al sy lidmate op 'n volgehoue manier direk kan bereik en so tot blywende versoening oproep . . . Die Moderamen besluit om met groot dringendheid leiding te neem om hierdie versoeningsproses in die Sinode van Noord-Transvaal te bevorder." (Uit: *Notule van Uitgebreide Moderamen van Noord-Transvaal,* 13 Maart 1997.)

10.3.2 Die Ned Geref Kerk wil hom in die jare wat voorlê, daadwerklik daarvoor beywer dat die koninkryk van God uitgebrei, onreg op alle vlakke van ons samelewing en na alle kante toe uitgeskakel en Christelike versoening bevorder word. Die Ned Geref Kerk wil in dié verband saamwerk met die ander lede van die Ned Geref Kerkfamilie, die Afrikaanse gereformeerde kerke en die ander kerke in Suid-Afrika en sal daarvoor werk dat, waar enigsins moontlik, 'n eendragtige, gesamentlike Christelike getuienis gehoor kan word.

10.3.3 As deel van sy poging om versoening in die land te help bevorder, wil die Ned Geref Kerk in die praktyk deur sy strukture so ver as wat dit binne sy vermoë is, 'n positiewe bydrae lewer om onder meer armoede en ongeletterdheid te bestry en werkskepping te bevorder.

10.3.4 Die Ned Geref Kerk verlang na die dag wanneer die Ou-Testamentiese profesie bewaarheid gaan word, dié dag wanneer mense ". . . van hulle swaarde ploegskare smee en van hulle spiese snoeiskêre. Die een nasie sal nie meer die swaard teen die ander opneem nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te maak nie" (Jes 2:4). Saam met die skrywer aan die Hebreërs roep die Ned Geref Kerk sy lidmate op: "Beywer julle vir vrede met alle mense . . ." (Heb 12:14).

Die kinders van God is vredemakers (Matt 5:9). Terwyl dit waar is dat vrede nie kan gedy waar geregtigheid ontbreek nie (Ps 85:11), verwag Jesus van sy volgelinge dat hulle selfs hulle vyande moet liefhê (Matt 5:38-48). Die versoening van die mens met God staan vir ons voorop, maar 'n saak wat byna hiermee gelyk staan omdat dit die praktiese bewys van eersgenoemde is, is versoening met die medemens. God vra van gelowiges om die liefdesgebod in die daaglikse lewe te gehoorsaam. Die Ned Geref Kerk strewe daarna om 'n bydrae te lewer dat dit al hoe meer in ons wye land sal gebeur.

Bronnelys

1. **Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif** - beleidstuk, goedgekeur deur die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk, Oktober 1974
2. **Kerk en Samelewing 1986** - beleidstuk, goedgekeur deur die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk, Oktober 1986
3. **Kerk en Samelewing 1990** - beleidstuk, goedgekeur deur die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk, Oktober 1990
4. **Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk,** 1962, 1966, 1970, 1974, 1978, 1982, 1986, 1990, 1994
5. **Handelinge van ander sinodes van die Ned Geref Kerk** tussen 1961 en 1995
6. **Die Kerkbode,** amptelike koerant van die Ned Geref Kerk - verskeie uitgawes
7. **Die Ligdraer,** amptelike blad van die NG Sendingkerk (later van die Verenigende Geref Kerk) - verskeie uitgawes
8. Bosch, David J ea: **Perspektief op die Ope Brief,** Kaapstad, 1982
9. Botha, DJ: **Die opkoms van ons Derde Stand,** Kaapstad, 1960
10. Cloete, GD en Smit, DJ: **'n Oomblik van waarheid,** Kaapstad, 1984
11. De Klerk, JJ ea: **Die Diens van Barmhartigheid en die Ned Geref Kerk,** Kaapstad, 1990
12. Esterhuyse, WP: **Afskeid van apartheid,** Kaapstad, 1979
13. Gaum, FM: **Die kerk en die toekoms van Suid-Afrika,** Pretoria, 1981
14. Gerdener, GBA ea: **Grense - 'n simposium oor rasse- en ander verhoudinge,** Stellenbosch, 1961
15. Heyns, JA: **Teologiese etiek 2/2,** Pretoria, 1989
16. Keet, BB ea: **Vertraagde aksie,** Pretoria, 1960
17. Kinghorn, Johann ea: **Die NG Kerk en apartheid,** Johannesburg, 1986
18. Louw, DJ ea: **Op die breuklyn,** Kaapstad, 1985
19. Lückhoff, AH: **Cottesloe,** Kaapstad, 1978
20. Marais, BJ: **Die kleur-krisis en die Weste,** Johannesburg, 1952
21. Réamonn, P (redakteur): **Farewell to apartheid? – Church relations in South Africa,** Genéve, 1994
22. Serfontein, JHP: **Apartheid, change and the NG Kerk,** Emmarentia, 1982
23. Smith, Nico J ea: **Storm-kompas,** Kaapstad, 1981